



Borskanker hoef jou nie met vrees te vervul nie. Hoe vroeër dit opgespoor en behandel word, hoe beter is jou kans op herstel.

Foto: LEE WARREN

Risikofaktore vir borskanker:

● Ouderdom

Ouderdom is die belangrikste faktor – gewasse is meer aggressief in vroue jonger as 50. Máár ongeveer twee derdes van vroue wat met borskanker gediagnoseer word, is ouer as 50. Jou risiko om borskanker te kry, neem aansienlik toe in jou dertigerjare.

● Blootstelling aan hormone

Nóg 'n groot faktor is blootstelling aan estrogeen en moontlik ook progesteron, die twee hormone wat in die eierstokke geproduseer word. Die vrystelling van estrogeen begin met puberteit en hou aan deur elke menstruele siklus tot en met 'n vrou se menopouse. Vroue wat 'n vroeë puberteit en laat menopouse beleef, het 'n groter kans om borskanker te kry.

Soms kan hormone ook beskerming teen borskanker bied. Vroue wat jonk is met die geboorte van hul eerste kind kry in 'n mate beskerming deur die hormonale veranderinge wat tydens die eerste swangerskap plaasvind.

Prolaktien-vlakke, wat borskanker kan veroorsaak, word perma-

nent onderdruk na jou eerste swangerskap. Borselle ondergaan ook differensiasie om die liggaam vir melkproduksie voor te berei. Sverloor selle in 'n mate hul vermoë om te verdeel en genetiese defekte te ontwikkel.

● Oorgewig

Die Amerikaanse Kankervereniging het in 'n studie (gepubliseer in die Februarie-uitgawe van *Epidemiology, Biomarkers and Prevention*) bevind dat vroue wat meer as 10 kg na hul 18de verjaardag optel, 'n 40% groter kans om borskanker te kry, in vergelyking met vroue wat minder as 2,5 kg optel.

● Alkohol-inname

Vroue wat vyf tot ses keer per week alkohol drink, loop 'n groter risiko om borskanker te kry.

● Gene

Gene speel 'n definitiewe rol in jou vatbaarheid vir borskanker. Volgens dr. Seema Khan, van die Northwestern Memorial Hospital in die VSA, erf vroue 'n vatbaarheid om borskanker te ontwikkel.